Wat geld nie kan koop nie

Teks: Jesaja 55: 1 - 13 & Sondag 50
Teksvers: Jesaja 55: 2

1. Inleiding

Die gebeure die afgelope week het die alledaagse lewe soos ons dit ken, onherkenbaar verander. Skielik leef ons op ’n manier wat ons, onsself nie sou kon indink selfs ’n paar maande gelede nie. En negatief is dit wel. Sosiale verhoudings lei onder dit wat ons ondergaan. Daar is die bekommernis of ek en my geliefdes gaan siek word. En dan miskien die grootste bekommernis vir baie ons, gaan die ekonomie hierdie dinge oorleef. Of gaan dinge op ’n ekonomiese vlak heeltemal anders wees hierna.

Maar dan is daar ook positiewe dinge van die leefwyse wat ons gedwing is om te volg vanaf 12:00 die nag op 26 April 2020. Een positiewe ding is dat ek tuis moet wees. Ek word gedwing om tyd saam met die res van my huisgesing te spandeer. Ons kan verhoudings opskerp terwyl ons meer tyd in mekaar se geselskap spandeer. ’n Ander ding wat dalk positief is, is dit wat ons eet. Skielik kan ek nie wegneemetes of restaurant etes eet nie. En in die winkels is net die essensiële te koop. Daarom hoor ’n mens baie terugvoer van mense wat elke dag gesond kook en eet. Dit is die een deel waar ons preek vandag oor brood wat nie met geld gekoop grond vat.

Die ander deel is ons geestelike lewe. Daar is seker nie ’n ander industrie wat tegnologie so skeilik en effektief begin inspan het, as die kerk nie. Binne ons denominasie het die blad GKSA Dienste in biejtie meer as week meer as 1600 lede aangeteken. Die ware brood van die lewe wil bedien word en ons sal enige iets doen en inspan om dit te doen. Daarom vanoggend ook in hierdie preek die bekende uitnodiging: "O ALMAL wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!"

2. Jesaja se brood

Ons teksvers volg op die bekende uitnodiging uit Jesaja 55:1, en dan beskryf dit ’n spesiale tipe brood vir ons. Maar wat is die brood? Kom ons kyk na die omstandighede waarin Jesaja skryf. Ons teksgedeelte vandag kom uit die gedeelte wat gewoonlik beskryf word as die tweede boek in Jesaja. Dit sterk van hoofstuk 40 tot hier in hoofstuk 55. In hierdie gedeelte is die profesieë duidelik gerig op volk wat in ballingskap in Babel geleef het.

Hoekom is hierdie profesieë dan nodig? Die goue draad van die verbond loop so duidelik deur hierdie gedeelte. Ons sien dit duidelik wanneer ons die teksgedeelte in die kleiner gedeeltes opdeel. Vers 1 tot 5 wat handel oor die ganadegawe van die Here waardeur Hy lewe en die verbond gee. Dan vers 6 tot 9 waar die volk aangemoedig word om terug te draai na die Here. Vers 10 tot 11 waar die woord as waar, betroubaar en doelgerig bestempel word. En laastens van vers 12 - 13 wat die belofte van ’n nuwe lewe inhou.

Die volk wat die eerste aanhoorders van hierdie profesieë was, het nie die verbond met die Here gehou nie. Ook in hulle lewens het ander dinge stelselmatig belangriker geword. Afgode is vereer met offers en aanbidding, sodat hulle uiteindelik weggevoer is na Babel. Tog bly die ironie dat hulle hier in Babel nog steeds nie besef wie die Here is nie. Die volk is nog vasgevang in die idee dat die gode van Babel oorwin het. Dat God nie in staat is om hulle uit te red nie. Dit is die rede waarom Jesaja hierdie profesieë moet bring. Omdat die volk maar tevrede is om brood te eet wat nie versadig nie.

Nadat die volk se hele lewe soos hulle dit ken ontwrig is, sien hulle steeds nie die waarheid nie. Hulle soek steeds nie die Here nie, hulle roep Hom nie aan nie. Maar Jesaja kom en verkondig die ware brood wat kan versadig aan hulle in ons teksvers.

3. Brood wat kan versadig

Wat is hierdie ware brood wat kan versadig. Om bloot ’n parralel tussen ballingskap in babel en die grendel tydperk in Suid Afrika te trek, sal nie net onverantwoordelik wees nie, maar ook heeltemal dwaalleer. Want die brood wat versadig, die ware nakomeling van Dawid waarvan Jesaja in ons teksgedeelte profeteer het gekom. Ons Here Jesus Christus is gebore uit die nageslag van Dawid. En Hy het al ons sondes op Hom geneem toe Hy in die bovertrek die brood gebreek het met die woorde: “Dit is my liggaam wat vir julle gegee word”

Want soos die volk van ouds is ons maar voortdurend tevrede met wegneemetes. Geestelike gemorskos, wat ons ’n illusie van verlossing gee en op die einde ons verslaaf. Daarom is daar in hierdie tyd van afsondering steeds die brood van die lewe. ’n Magdom predikers op die internet nooi ons uit om te kom neem van die brood wat versadig. Om die verlossing in die Here te kom aanhoor. Ekstra tyd wat ons buite die huis sou spandeer kan nou aangewend word om stil te word voor die Here om die genade van lewende brood te ervaar. Soos wat Jesus self sê in Johannes 6:35: ““Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie"

En dit is waar die ander voordeel in hierdie staat van inperking lê. Die identifisering van vals afgode. Al die ander dinge waarop ek staat gemaak het vir verlossing. Dinge wat ek intens vereer het met my tyd en hulpbronne, is nou nie daar nie. Wie sou kon dink dat ek sal kan oorleef deur my loopbaan rustiger na te volg tuis, of nie op vakansie te gaan nie. Of om geen sport te sien of beoefen. Sien uiteindelik is al hierdie dinge maar net brood wat nie kan versadig nie. Terwyl die ware brood wat kan versadig nog altyd daar is. Die ander brode word nou net noodgedwonge uit die pad geskuif.

4. Daagliks aan ons gegee

Die laaste gedagte waaraan ons aandag in hierdie preek wil gee is die feit dat hierdie ervaring van die brood van die lewe nie net tydelik hoef te wees nie. Dit is juis hier waar die bekende woorde “Gee ons vandag ons daaglikse brood” inkom. In Johannes 6 vers 34 vra die mense al : "Meneer, gee ons tog altyd hierdie brood.”. En dit is presies ook die boodskap in vers 6 van ons teksgedeelte vandag: "[6]Vra na die wil van die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy nog naby is. “

Sien soos die gesonde eetplan en hegte familiebande nie hoef op te hou na hierdie tyd van inperking nie. So hoef ons nie op te hou soek na die brood wat versadig. Die brood wat geld nie kan koop na hierdie tyd van inperking nie. Inteendeel die uitnodiging in ons teksvers word juis gekoppel aan ’n gewoonte in vers 6, en word ’n opdrag in die vierde bede. Soek daagliks na die brood van die lewe.

In hierdie opsig kan daar ’n positiewe effek op ons lewe gelaat word uit die negatiewe situasie van inperking. Ja die ekonomie mag dalk lank sukkel om te herstel, tog is bly die brood wat waarlik versadig, daardie brood wat geld nie kan koop nie steeds beskikbaar vir my en jou. Daarom die vraag in ons teksvers waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie? Waarom aarbei julle vir dit wat tog nie versadig nie?

5. Slot

Ons wil hierdie preek afsluit met ’n positiewe gedagte. Gaan soek in hierdie volgende week van inperking aktief die goeie. Bid tot die Vader in die woorde wat Christus ons geleer het. Gee ons vandag ons daaglikse brood. En verstaan dat hierdie daaglikse brood meer is as die gesonde boord kos waarmee elkeen van ons steeds versorg word in hierdie tyd. Hierdie daaglikse brood is ook die brood wat versadig, wat lank gelede gebreek is aan ’n kruis tot volkome versoening van al ons sondes.

In hierdie tyd van inperking het ons dalk finasies, maar nie regtig iets om dit op te spandeer nie. Gesonde kos is op die einde goedkoper om voor te berei as wegneem etes. Eintlik is dit weereens net so duidelik openbaring van die gode waarvoor ons buig. So ’n duidelike openbaring van ons gejaag nie wind.

Maar kom dat ons ook ons lewens weer vandag opnuut laat aanraak deur die brood wat werklik versadig. Die brood wat geld nie kan koop nie. En dat ons onder hierdie liefde van Christus beweeg word om wel ’n verskil te gaan maak waar iemand in die nood gaan verkeer. Omdat ek meer het as wat ek nodig het, is ek dalk juis in die posisie om vir iemand brood te koop wat nie kan nie. En sommer ook die geleentheid te gebruik om met hom/haar te praat oor die brood van die lewe.

Terwyl die ekonomie feitlik stilstaan, kom ons leer vir mekaar ook wat soveel belangriker is geld en die aanbidding daarvan. Kom vind ware versadiging by die brood van die lewe.

Amen